## Bainskloof Ultra Marathon 'n ware fees vir atlete!

Atlete wat aan die 4 de Bainskloof ultra- en halfmarathon deelgeneem het is hierdie jaar bederf met 'n perfekte lentedag. Die 63-ultra atlete asook die nagenoeg 413 halfmarathon en 6-km Buksie drawwers was elkeen deel van die 155 ste bestaansjaar vieringe van die Bainsklooofpas.

'n Opgewondenheid het geheers onder die atlete met die wegspring van die Ultra om 6 uur. Perfekte toestande het geheers teen die tyd wat atlete na 15 km die hoogste punt van die pas bereik het. Helder bergstroompies, danksy die vorige dag se reën, het gehelp om lafenis te bied aan atlete. Met die verbysteek van Tweede Tol het 'n 9km plat pad voorgelê voordat die draaipunt bereik is. Met die tweede deel van die wedloop moes atlete diep delf om gemotiveerd te bly en die wedloop te voltooi.

Soos verlede jaar het Johan Oosthuizen as gunsteling die wedloop begin en nie teleurgestel nie. Hy wen die wedloop in 'n tyd van 4:16;32. Mervin Steenkamp het tweede geindig en die Wellingtonse atleet Owen Smith, derde. In die vroue wedloop het Martha Pretorius eerste geeindig(5:54;49) en Anne Pool tweede.

Die half marathon atlete het ook Bainskloof se byt gevoel met die 10,5 km pas op, wat aan meer as een atleet respek vir die pas gegee het. Sithyhilo Diko was die eerte man in die 21,1km wedloop oor die lyn in 'n tyd van 01,06'03 en Mariette Esterhuyse (01,27,13) die eerste vroue atleet. Die 6 km pretdraf het by Bovleikelder gedraai. Die sukses van die jaar se wedloop was beslis die pragtige natuurskoon, gemaklike atmosfeer en goeie organisering.

Organiseerders vertrou dat atlete en toeskouers meer bewus gemaak is van hierdie bewaringsgebied. Ons hoop om die wedloop met nog groter sukses en ondersteuning in die jare wat kom te kan aanbied. 'n Spesiale dank aan Cape Nature, Drakenstein Munisipaliteit en Worcester verkeersdepartement vir die waardevolle bydrae t.o.v. verkeersregulering en ondersteuning.

Paarl Post Sep 2010